



tuiste. trots. toekoms.



INTERNASIONALE AFRIKAANS-EKSPLO

vir skoolleerders en studente

jou erfenis!

INTERNASIONALE AFRIKAANS-EKSPLO 2018



POËSIE

1. VOORSKRIFTE

1.1 Algemene voorskrifte:

- 'n Leerder/student mag in **een of meer** kategorieë deelneem.
- 'n Leerder skryf in volgens **skoolgraad**, dit wil sê óf in die laerskoolafdeling (graad 6-7), die junior afdeling (graad 8-9) óf in die senior afdeling (graad 10-12). Studente moet aandui watter jaar hulle is, eerste jaar, tweede jaar, derde jaar, vierde jaar of nagraads.
- **NB! NB! Dieselfde inskrywings mag NIE meer as een keer (jaar na jaar) vir die Internasionale Afrikaans-Ekspo ingeskryf word NIE.** Dit moet werk wees wat hierdie jaar gedoen is.
- **Alle inskrywings moet die leerder/student se eie, selfstandige, unieke en nuwe werk wees.**
- **LET WEL!** Die beoordelaars se beslissings is **finale**. *Geen telefoniese of skriftelike kommunikasie sal gevoer word nie. Geen inmenging deur ouers of onderwysers mag ten opsigte van beoordeling plaasvind nie.*

1.2 Voorskrifte vir die hantering van 'n inskrywing:

- Die inskrywings moet **getik** wees, met die volgende vereistes:
 - **Font: Calibri**
 - **Lettergrootte: 12**
 - **Spasiëring: 1½**
 - **Kantlyne: 20 mm rondom**
- Die **aanlyn** inskrywingsvorm moet **volledig ingevul** word.
- Heg die gedig in pdf-, jpeg- of word-formaat aan.
- Indien meer as een inskrywing vir hierdie kategorie ingeskryf word (bv. een leerder wat 2 gedigte skryf), moet elke inskrywing apart aanlyn ingestuur word.

1.3 Spesifieke voorskrifte:

- **Geen prente en/of sketse** word toegelaat nie!
- **Geen bundels** mag ingestuur word nie. Gedigte moet apart hanteer word.
- Gee 'n **titel** vir jou gedig.

2. WENKE

- Lees baie poësie.
- **Eenheidsindruk en eenheidseffek** is baie belangrik.
- **Verm y oordrewe emosie, sentimentaliteit.**
- **Verm y rymelary** – blote herhaling van betreklik niksseggende rymwoorde.
- Goeie rymwoorde rym nie net nie, hulle verskil ook; hulle bevat **iets vreemds en anders.**
- Gee aandag aan die **afsluiting** van die gedig.

jou erfenis!



2

- Probeer **sterk, konkrete beelde** gebruik.
- **Konkrete taal**, wat naby aan die alledaagse lewe en alledaagse ervaring lê, is baie belangrik.
- Woordgebruik moet **kreatief** wees.

3. OPDRAG

- Skryf 'n oorspronklike Afrikaanse gedig oor enige onderwerp, maar hou die tema Erfenis in gedagte.

Beoordeling vir die poësie sal na aanleiding van die volgende gedoen word:

Klank/rym ___/15	<ul style="list-style-type: none"> • Is die gedig in totaal welluidend? • Indien klanknabootsing of beeldspraak voorkom, is dit funksioneel en effektief? • Word van assonansie, alliterasie gebruik gemaak? Is klankherhaling effektief? • Is die klank ondersteunend tot die geheel van die gedig? • Is die gedig "beweeglik"/nie staties nie? • Indien enige rym voorkom, is dit natuurlik? • Is daar rymdwang? Is dit funksioneel? • Dra die klank/ritme/rym by tot die atmosfeer/toon van die gedig?
Woordgebruik, verstegnik, titel, leestekens en beeldspraak, bv. metafore, personifikasie, vergelyking en simboliek ___/20	<ul style="list-style-type: none"> • Is daar vernuwende woordspeling teenwoordig of is die woordgebruik geyk/alledaags? • Dra die woordgebruik by tot die atmosfeer/toon van die gedig? • Is daar te veel verkleinwoorde? • Dra die woordspeling by tot die hooftema/onderwerp van die gedig? • Is die sinsbou funksioneel (kom daar inversie, enjambemente voor)? • Indien die gedig van 'n titel voorsien is, is die titel gepas en funksioneel of doen die titel afbreuk aan die gedig? • Word leestekens sinvol aangewend? • Indien enige beeldspraak voorkom, is dit funksioneel? • Is goeie Afrikaans gebruik?
Tema (inhoud) ___/10	<ul style="list-style-type: none"> • Is daar 'n vaste tema in die gedig? • Dra die outeur kennis van die onderwerp/tema? • Bepaal die inhoud die toon van die gedig? • Is die gediginhoud genoegsaam epies/liries/dramaties van aard?
Geheelindruk ___/5	<ul style="list-style-type: none"> • Die beoordelaar se eie oordeel m.b.t. die gedig se geheel word hier aan die dag gelê.
Totaal uit 50